

Hierdie aanroeping is net soos dié van kind wat opreg roep na die gerussteling van sy ma se teenwoordigheid. En God openbaar Homself aan die yweraar wat hierdie mantra opreg aanroep.

Geen ander wyse vir geestelike verwerking is so effektief in hierdie tydperk van onmin en skynheiligheid as die aanroeping van die mahamantra

Hare Krishna Hare Krishna
Krishna Krishna Hare Hare
Hare Rama Hare Rama
Rama Rama Hare Hare



**The Bhaktivedanta Book Trust
Africa**

Founder-Ācārya His Divine Grace
A.C. Bhaktivedanta Swami Prabhupāda

pamphlets@bbtafrica.co.za



To read or buy Bhagavad-gita As It Is
visit www.bbtafrica.co.za or scan

© 2013 The Bhaktivedanta Book Trust International, Inc. All rights reserved.

Hierdie aanroeping is net soos dié van kind wat opreg roep na die gerussteling van sy ma se teenwoordigheid. En God openbaar Homself aan die yweraar wat hierdie mantra opreg aanroep.

Geen ander wyse vir geestelike verwerking is so effektief in hierdie tydperk van onmin en skynheiligheid as die aanroeping van die mahamantra

Hare Krishna Hare Krishna
Krishna Krishna Hare Hare
Hare Rama Hare Rama
Rama Rama Hare Hare



**The Bhaktivedanta Book Trust
Africa**

Founder-Ācārya His Divine Grace
A.C. Bhaktivedanta Swami Prabhupāda

pamphlets@bbtafrica.co.za



To read or buy Bhagavad-gita As It Is
visit www.bbtafrica.co.za or scan

© 2013 The Bhaktivedanta Book Trust International, Inc. All rights reserved.

Oor die sing van Hare Krishna

Die geestelike vibrasie wat voortvloei tydens die sing van Hare Krishna Hare Krishna Krishna Krishna Hare Hare / Hare Rama Hare Rama Rama Rama Hare Hare is die suiwerste wyse waardeur ons ons transendentale bewussyn weer kan aanwakker. As lewende geestelike wesens, is ons almal oorspronklik Krishna bewuste entiteite, maar weens ons assosiasie met materie al vir 'n onberekenbare lang tydperk, is ons bewussyn nou vermeng met die materiële atmosfeer. Die materiële atmosfeer, waarin ons nou leef, staan bekend as *maya*, of illusie. *Maya* beteken "dit wat nie werklik is nie." En wat is hierdie illusie? Die illusie is dat ons almal probeer meesters wees van die materiële natuur, terwyl haar streng wette eintlik 'n ferm houvas op ons het. Ons probeer om die hulpbronne van die materiële natuur uit te buit, maar sodoende word ons eintlik meer en meer vasgevang in haar kompleksiteit. Daarom, alhoewel ons gewikkel is in 'n taai stryd om die natuur te oorwin,

Oor die sing van Hare Krishna

Die geestelike vibrasie wat voortvloei tydens die sing van Hare Krishna Hare Krishna Krishna Krishna Hare Hare / Hare Rama Hare Rama Rama Rama Hare Hare is die suiwerste wyse waardeur ons ons transendentale bewussyn weer kan aanwakker. As lewende geestelike wesens, is ons almal oorspronklik Krishna bewuste entiteite, maar weens ons assosiasie met materie al vir 'n onberekenbare lang tydperk, is ons bewussyn nou vermeng met die materiële atmosfeer. Die materiële atmosfeer, waarin ons nou leef, staan bekend as *maya*, of illusie. *Maya* beteken "dit wat nie werklik is nie." En wat is hierdie illusie? Die illusie is dat ons almal probeer meesters wees van die materiële natuur, terwyl haar streng wette eintlik 'n ferm houvas op ons het. Ons probeer om die hulpbronne van die materiële natuur uit te buit, maar sodoende word ons eintlik meer en meer vasgevang in haar kompleksiteit. Daarom, alhoewel ons gewikkel is in 'n taai stryd om die natuur te oorwin,

word ons net al hoe meer afhanklik van haar. Hierdie bedrieglike stryd teen die materiële natuur kan onmiddelik gestop word deur ons onderliggende Krishna bewussyn weer aan te wakker.

Hare Krishna Hare Krishna Krishna Krishna Hare Hare is die transendentale proses waardeur hierdie oorspronklike, suiwer bewussyn weer aangevuur kan word. Deur hierdie transendentale vibrasie aan te roep, kan ons al die bekommernisse in ons harte weg was. Die onderliggende oorsaak van al hierdie bekommernisse is die vals bewustheid van ons self as die heersers van alles wat ons sien. Krishna bewustheid word nie onnatuurlik af gedwing op die verstand nie. Hierdie bewustheid is die oorspronklike, natuurlike energie van die lewende entiteit. Wanneer ons hierdie transendentale klankvibrasie aanhoor, word hierdie bewussyn weer opgewek. Hierdie eenvoudige manier van meditasie word aanbeveel vir die era waarin ons leef. Uit persoonlike ervaring kan enigeen vasstel dat die aanroep van hierdie maha mantra, of die Groot Roeping tot Verlossing, 'n transendentale ekstaseafkomstig vanuit die geestelike stratum onmiddelik voortbring.

2

word ons net al hoe meer afhanklik van haar. Hierdie bedrieglike stryd teen die materiële natuur kan onmiddelik gestop word deur ons onderliggende Krishna bewussyn weer aan te wakker.

Hare Krishna Hare Krishna Krishna Krishna Hare Hare is die transendentale proses waardeur hierdie oorspronklike, suiwer bewussyn weer aangevuur kan word. Deur hierdie transendentale vibrasie aan te roep, kan ons al die bekommernisse in ons harte weg was. Die onderliggende oorsaak van al hierdie bekommernisse is die vals bewustheid van ons self as die heersers van alles wat ons sien. Krishna bewustheid word nie onnatuurlik af gedwing op die verstand nie. Hierdie bewustheid is die oorspronklike, natuurlike energie van die lewende entiteit. Wanneer ons hierdie transendentale klankvibrasie aanhoor, word hierdie bewussyn weer opgewek. Hierdie eenvoudige manier van meditasie word aanbeveel vir die era waarin ons leef. Uit persoonlike ervaring kan enigeen vasstel dat die aanroep van hierdie maha mantra, of die Groot Roeping tot Verlossing, 'n transendentale ekstaseafkomstig vanuit die geestelike stratum onmiddelik voortbring.

2

Die aanroep van hierdie Hare Krishna mantra word uitgeoefen vanaf die geestelike platform, en dus oortref hierdie klank vibrasie alle laer strata van bewussyn – naamlik sensueel, verstandelik of intellektueel. Dit is dus nie nodig om die taal van die mantra te verstaan, om enigsins te bespiegel daaroor met die verstand, of om enige intellektuele aanpassing te maak om hierdie mantra aan te roep nie. Dit is selfwerkend, vanaf die geestelike platform, en as sulks kan enigeen deelneem sonder enige vorige kwalifikasies. Op 'n meer gevorderde vlak word daar natuurlik verwag om op te tree volgens die insig wat kom uit geestelike ontwikkeling.

Daar is geen twyfel dat die gesang mens amper onmiddelik neem tot die geestelike platform nie, en die eerste tekens hiervan is die drang om saam te dans terwyl die mantra aangeroop word. Selfs 'n kind kan deelneem aan hierdie sang en dans.

Die woord Hara is 'n aanspreekvorm gerig tot die energie van God, en die woorde Krishna en Rama beteken “die hoogste plesier”. Hierdie drie woorde, naamlik Hare, Krishna, en Rama, is die transendentale saadjies van die maha-mantra. Die mantra is 'n geestelike roeping na God en Sy energie, om beskerming aan die gekondisioneerde siele te gee.

3

Die aanroep van hierdie Hare Krishna mantra word uitgeoefen vanaf die geestelike platform, en dus oortref hierdie klank vibrasie alle laer strata van bewussyn – naamlik sensueel, verstandelik of intellektueel. Dit is dus nie nodig om die taal van die mantra te verstaan, om enigsins te bespiegel daaroor met die verstand, of om enige intellektuele aanpassing te maak om hierdie mantra aan te roep nie. Dit is selfwerkend, vanaf die geestelike platform, en as sulks kan enigeen deelneem sonder enige vorige kwalifikasies. Op 'n meer gevorderde vlak word daar natuurlik verwag om op te tree volgens die insig wat kom uit geestelike ontwikkeling.

Daar is geen twyfel dat die gesang mens amper onmiddelik neem tot die geestelike platform nie, en die eerste tekens hiervan is die drang om saam te dans terwyl die mantra aangeroop word. Selfs 'n kind kan deelneem aan hierdie sang en dans.

Die woord Hara is 'n aanspreekvorm gerig tot die energie van God, en die woorde Krishna en Rama beteken “die hoogste plesier”. Hierdie drie woorde, naamlik Hare, Krishna, en Rama, is die transendentale saadjies van die maha-mantra. Die mantra is 'n geestelike roeping na God en Sy energie, om beskerming aan die gekondisioneerde siele te gee.

3